SUBTROPICO BPK: AANDELE VERHANDELING ALGEMENE REëLS

(Kontak asb.Subtropico of besoek webruimte indien inligting in Engels verlang word)

1. Verhandelingsprosedures

Algemeen

Verhandeling van aandele via Subtropico Bpk se verhandelingstelsel vind plaas deur middel van 'n tenderproses. Die tenderperiode duur vanaf die Saterdag wat volg op die laaste Vrydag van 'n maand tot en met 12:00 op die laaste Vrydag van die daaropvolgende maand. Verhandeling vind plaas om 14:00 op die laaste Vrydag van elke maand by die kantore van Meintjes Vermooten Brooklyn (onafhanklike en eksterne ouditeure van Subtropico Bpk).

Let wel: Daar is geen tenderproses beskikbaar gedurende Desember nie.

Vorms om te tender vir die koop en verkoop van aandele is beskikbaar by:

a) Subtropico se webruimte: http://www.subtropico.co.za/ - sien "shares" afdeling

b) Subtropico Beperk se ouditeure:
Aandag: JC Erlank
Meintjes Vermooten Brooklyn
Brooklyn Court Blok B, Vealestraat, New Muckleneuk, 0181
Posbus 23, Pretoria, 0001
Tel: +2712 – 460 9146 faks: +2712 – 460 9147
E-pos: jc@mvbrooklyn.co.za

c) Die oordragsekretaris van Subtropico:
Burger Botha
Subtropico Beperk
Parkland No.5
Bronkhorststraat 229
New Muckleneuk
0181
Tel: +2712 – 460 9910/3/6 faks: 086 555 3013
E-pos: burger@subtropico.co.za

Tenders moet in 'n verseëlde koevert of per e-pos voor 12:00 op die Vrydag van verhandeling by b) ontvang word. Tenders ontvang by Subtropico se kantore sal nie aanvaar word nie.
Inligting in verband met die vorige verhandelingstydperk se verhandelingsprys en -volume kan by persone b) en c) of op Subtropico Bpk se webadres (www.subtropico.co.za) onder die "shares" afdeling verky word.

Die prys wat aandele behaal tydens die verhandelingsproses word as volg bepaal:

a) Indien 'n verkoper se prys hoër is as 'n koper se prys, vind geen verhandeling plaas nie.

b) Indien 'n koper se prys hoër is as 'n verkoper se prys, vind verhandeling plaas teen die prys van die koper, vanaf die verkoper se aandele met die hoogste tenderprys na die laagste, en dienooreenkomstig die koper vanaf die hoogste tenderprys na die laagste.

c) Indien meer aandele beskikbaar is as te koop gevra (teen 'n bepaalde prys), word die toekenning pro rata gedoen.

Kopers

Die prys betaalbaar deur die koper word as volg bereken:
- Aantal aandele toegeken x prys per aandeel behaal "A"
- Plus: Seëlkoste (0.25% x "A") "B"

Al die kopers aan wie aandele toegeken is sal na die verhandeling plaasgevind het, per e-pos, telefonies of per faks daarvan in kennis gestel word. Sodanige korrespondensie sal die totale bedrag deur die koper verskuldig uiteensit. Die totale bedrag verskuldig moet teen die Vrydag wat volg op die Vrydag van verhandeling in die bankrekening van Subtropico Bpk:

ABSA
Rekening nommer: 4054758883
Takkode: 632005

beskikbaar wees. Die bewys van die inbetaling moet deurgegee word aan c).

Indien die totale bedrag deur die koper verskuldig nie betyds inbetaal word nie, sal die transaksie gekanselleer word. Indien kopers beskikbaar is wat nie suksesvol was tydens die bodproses van die betrokke maand nie, maar steeds binne die verhandelingskriteria val, sal die kopers dienooreenkomstig genader word. Die verkopers sal in kennis gestel word van die oorspronklike bod wat verval het en van nuwe aanbod. Indien geen vergelyk getref kan word tussen die verkopers en die nuwe koper nie, vind geen verhandeling plaas nie.

Die aandele wat nie verhandel het tydens die verhandelingsproses nie, word nie oorgedra na die volgende maand se verhandeling nie. 'n Koper moet elke maand weer tender vir die koop van aandele. Onsuksesvolle kopers sal dienooreenkomstig in kennis gestel word.

Verkopers

Die verskuldigde bedrag aan die verkopers betaalbaar word as volg bereken:
- Aantal aandele verkoop x prys per aandeel behaal "A"

Al die verkopers van aandele sal na die verhandeling plaasgevind het, per e-pos of telefonies daarvan in kennis gestel word. Sodanige korrespondensie sal die totale bedrag aan die verkoper verskuldig en die dokumentasie verlang ter afhandeling van die transaksie uiteensit. Subtropico Bpk sal die totale bedrag verskuldig teen die tweede Vrydag wat volg op die Vrydag van verhandeling, elektronies in die verkoper se bankrekening inbetaal, onderhewig aan die oorbetaling deur die kopers in Subtropico Bpk se rekening en die ontvangs van die verlangde dokumentasie vanaf die verkoper.

Die aandele wat nie verhandel het tydens die verhandelingsproses nie, word nie oorgedra na die volgende maand se verhandeling nie. 'n Verkoper moet elke maand weer tender vir die verkoop van aandele. Onsuksesvolle verkopers sal dienooreenkomstig in kennis gestel word.

Indien 'n verkoper sy totale aandeelhouding te koop aanbied en al die aandele word verhandel, word die verkoper se leningsrekening outomaties ook aan hom uitbetaal. Indien sodanige verkoper 'n bedrag verskuldig is op sy debiteurerekening by Subtropico Bpk, word hierdie bedrag eers verreken voor uitbetaling geskied. Die verskuldigde bedrag in die geval word as volg bereken:

- Aantal aandele verkoop x prys per aandeel behaal "A"
- Plus: Leningsrekening "B"
- Min: Debiteurerekening "C"

2. Inligting benodig vir verhandeling

Die volgende inligting word benodig:

Koper

a) Tender vorm vir die aankoop van aandele. Die aantal aandele wat gekoop moet word ("onbeperk" of "almal beskikbaar" is nie aanvaarbaar nie) en die bedrag waarvoor die aandele gekoop moet word, moet spesifiek aangedui word.
b) Bewys van die inbetaling gemaak.
c) In die geval van 'n nuwe aandeelhouer wat nog nie 'n rekening by Subtropico Bpk het nie, gewaarmerkte afskrifte van die volgende:
   - 'n afskrif van die koper se identiteitsdokument (in geval van 'n trust, afskrifte van die trustakte en die trustees se identiteitsdokumente; in die geval van 'n maatskappy, afskrifte van die akte en statute, notule ter magtiging van 'n persoon om op te tree namens die maatskappy en persoon se identiteitsdokument; in die geval van 'n beslote korporasie, afskrifte van die stigtingsverklaring, notule ter magtiging van 'n persoon om op te tree namens die beslote korporasie en persoon se identiteits-dokument)
   - bewys van fisiese adres, byvoorbeeld 'n munisipale rekening

Verkoper

a) Tender vorm vir die verkoop van aandele. Die bedrag waarvoor die aandele verkoop moet word, moet spesifiek aangedui word.
b) In die geval van 'n maatskappy, beslote korporasie of trust, notule ter magtiging van 'n persoon om op te tree namens die entiteit en 'n afskrif van die persoon se identiteits-dokument.
c) In die geval van 'n boedel, 'n gewaarmerkte afskrif van die eksekuteursbrief asook die magtiging om op te tree as eksekuteur (indien van toepassing).
d) Volledige bankbesonderhede.
e) Die oorspronklike aandelesertifikaat.
f) Getekende sekuriteite oordragvorm (vorm CM 42).

3. Algemene inligting

Op Subtropico Bpk se webadres (www.subtropico.co.za) is die volgende inligting beskikbaar wat gebruik kan word deur 'n potensiële koper of verkoper van aandele om 'n ingeligte besluit te neem ten opsigte van die verhandeling van die aandele:

a) Finansiële inligting

- Geouditeerde finansiële state
- Halfjaar finansiële state
- Omsigtigheidsverklarings en nuusvrystellings

b) Aandele inligting

- Verhandelingsprosedures
- Aantal aandele verhandel oor 'n periode
- Laaste verhandelingsprys
- Dividend betaalbaar
- Netto batewaarde per aandeel

Die geslote periode vir verhandeling is as volg:

- Geouditeerde finansiële jaarstate: Vanaf 31 Desember tot en met die publikasie van die voorlopige finansiële resultate
- Halfjaar/Interim finansiële resultate: Vanaf 30 Junie tot en met die publikasie van die Interim finansiële resultate.
- Omsigtigheidsverklarings, ens: Vanaf die dag wat die inligting intern beskikbaar is aan enige amptenaar / direkteur tot en met die publikasie van die inligting.

Die geslote periode vir verhandeling is op die volgende persone, wat insluit familielede en enige ander regspersoon waarin sodanige persoon of familielid 'n belang het, van toepassing:

- Direkteure (Subtropico Bpk, filiale en geassosieerdes)
- Personeel (Subtropico Bpk, filiale en geassosieerdes)
- Ouditeure (Subtropico Bpk, filiale en geassosieerdes)

Familielede waarna verwys word, sluit in die gade, kinders wat onder sodanige persoon se toesig of beheer is en enige inwonende familie.

4. Fasiliteringsrol

Subtropico Beperk tree slegs op as fasiliteerder en die risiko vir die betaling van aandele gekoop, is by die koper.

Kopiereg © 2010 Subtropico Bpk.